B

GROEN BOEK

KENNIS-KATEGESE

GOD SE KINDERS IN GOD SE WÊRELD

DOENBOEK
Graad 4-6

JOHANNES MOUTON

BM Bybel-Media | jeugfokus

INHOUDSOPGAWE

'n Brief vir jou 5

1. Afskop 7

Tema 1 – God: wie God is en wat God doen 9

2. Daar is niemand soos God nie! 11
3. God voorsien en ons gaan dien 13
4. God laat alles ten goede meewerk 15

Tema 2 – Kerklike feeste 17

5. Lydenstyd: 'n Verraaier se soen 19
6. Opstanding: Die graf is leeg, dit laat ons leef 21
7. Hemelvaart: Jesus neem afskeid, maar is steeds hier 23
8. Pinkster: Die Gees woon in jou 25

Tema 3 – God se kinders: wie ons is en hoe ons leef 27

9. Sonde is sleg, maar die Here maak reg 29
10. Hou moed, want die Here is by jou 31
11. Wees 'n goeie vriend 35
12. Jou lewe praat 37
13. Met wyn en brood vier ons sy dood (Nagmaal) 39

Tema 4 – Ons verhouding met ander mense 43
14. Weet vir wie om te bid 45
15. Help sonder om te spog 49

Tema 5 – God se kinders in God se wêreld 51
16. Loof God vir sy skepping 53
17. Gebruik jou gawes vir die Here se werk 55
18. Leef tot eer van die Here 57
19. God se grootste Geskenk (Kersfees) 59

'N BRIEF VIR JOU

Baie welkom by hierdie jaar se kategese. Dit is wonderlik dat jy deel van hierdie groep is. Ons glo jy sal dit geniet en baie van die Here leer.

Die Bybel is die wonderlikste boek op aarde. Dit is God se woorde aan mense. Ons leer daarin hoe God is en hoe ons as gelowiges ons lewe behoort in te rig. Dit is hoekom dit belangrik is dat jy die Bybel van jongs af lees.

Ons gaan jou daarom vanjaar help om God en die Bybel beter te leer ken. In die groep gaan julle elke week oor 'n onderwerp gesels en aktiwiteite saam doen. As groep gaan julle mekaar help en ondersteun. Julle gaan saam dink en saam gesels om die Bybel beter te leer ken en te verstaan sodat julle elke dag daarvolgens kan leef.

Dit sal lekker wees as jy elke week die ontmoeting bywoon, anders gaan jy baie mis.

Jy het natuurlik ook hierdie *Doenboek* om jou te help. Die *Doenboek* sal jou help om alles waaroor julle in die groep gesels het nog beter te verstaan. Maak dus in die week tyd om die aktiwiteite in die *Doenboek* te doen. Jy kan dit alleen of saam met iemand in jou huisgesin doen.

Ons bid dat hierdie jaar vir jou baie lekker gaan wees en dat jy sommer baie van God en die Bybel sal leer.

Geniet dit!

TEMA 2

KERKLIKE FEESTE

LYDENSTYD: ’N VERRAAIER SE SOEN

KERNVERS

Hy het self ons sondes in sy liggaam aan die kruis gedra. Daardeur is ons vir die sondes dood en kan ons lewe in gehoorsaamheid aan die wil van God. Deur sy wonde is julle genees.

– 1 Petrus 2:24

KERNWAARHEID

Judas verraai vir Jesus met ’n soen. Daarna volg Jesus se lyding en kruisiging sodat ons elkeen se sondes vergewe kan word.

WONDER

Is daar iets waarvoor jy vir die Here wil dankie sê?

. . . . . .

. . . . . .

LEES EN DINK

Lees Lukas 22:47-53 en 1 Petrus 2:24.

- Hoekom het Judas vir Jesus gesoen?

. . . . . .

- Hoe het Jesus gereageer toe die dissipels wou terugveg?

. . . . . .

. . . . . .

- Wat het Jesus se lyding en kruisiging vir ons gedoen?

. . . . . .

. . . . . .

LEEF

Jy weet nou Jesus het vir jou sondes gesterf. Gaan vertel dit vir iemand.

Onthou om elke aand van die week jou kers aan te steek as 'n herinnering dat Jesus vir jou sondes gesterf het.

MY GEBED

. . . . . .

. . . . . .

. . . . . .

. . . . . .

. . . . . .

OPSTANDING: DIE GRAF IS LEEG, DIT LAAT ONS LEEF

KERNVERS

Dit was al die derde keer dat Jesus aan sy dissipels verskyn het nadat Hy uit die dood opgewek is.

– Johannes 21:14

KERNWAARHEID

Jesus het waarlik uit die dood opgestaan! Ons aanbid die lewende Here wat deur sy opstanding ons lewe nuutgemaak het.

WONDER

Is daar iets waarvoor jy vir die Here wil dankie sê?

. . . . . .

. . . . . .

LEES EN DINK

Lees Johannes 21:1-14.

- Hoe dink jy het die dissipels gevoel nadat Jesus begrawe is?

. . . . . .

- Hoe het hulle gevoel toe hulle besef die man wat met hulle praat, is Jesus wat uit die dood opgestaan het?

. . . . . .

- Hoekom het Jesus uit die dood opgestaan?

. . . . . .

. . . . . .

LEEF

Groet jou huisgesin hierdie week elke oggend met die woorde: "Jesus het waarlik opgestaan."

MY GEBED

. . . . . .

. . . . . .

. . . . . .

. . . . . .

. . . . . .